**Dinsdag 15 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:14-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:16**

## Die waarheid oor Jesus staan vas

Dit staan bo alle teenspraak! Die waarheid oor Jesus Christus kan nie bevraagteken word nie. Al die getuienis oor Hom stem ooreen. Oor sy mensheid, sy regverdigheid, dat Hy uit die dood opgestaan het. Hy is ook aan heidene verkondig en oral het mense tot geloof gekom. Uiteindelik is Hy in heerlikheid opgeneem.

Die rede vir sy vernederende menswording, wat in die heerlikheid van sy hemelvaart eindig, was die verlorenheid van die mensdom. Paulus getuig: "Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste" (1 Tim. 1:15).

Daar was valse predikers wat leermeesters van die wet wou wees, maar mense mislei het. Die wet het die goddeloses en sondaars net meer van hulle ellende bewus gemaak (1:7-9). Daarteenoor staan die evangelie van die heerlikheid. Die evangelie vertel van God se genade. Hy het nie eise vir 'n beter lewe kom stel nie. Dit maak die mens net meer morbied, want telkens val ons in goddeloosheid terug.

Nee, die waarheid oor Jesus gee troos en ankers. Hy het mens geword, sondeloos omdat Hy steeds die Seun van God is. Selfs die heidenregter Pilatus kon geen oortreding by Hom vind nie. Hy is wel gekruisig, maar die Gees het Hom uit die dood opgewek. Daardeur is sy onskuld bewys. Gesterf om ander van die straf op hulle sonde verlos.

So ver as wat die evangelie van troos en hoop verkondig is, kon sondaars daaraan vasgryp. Dit is die waarheid wat vry maak – ook ons moet daaraan vashou!

*Sing: Psalm 118-1:1*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*